# Boekbespreking

**F. A. van Jaarsveld,** Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, 1868-1881. Voortrekkerpers, 1957.

Soos die titel aandui, het ons hier te doen met 'n boek oor 'n uiters belangrike onderwerp. Ons volk het tans op die stadium aangeland dat hy nie net 'n behoefte het aan emosionele aanvoeling van die verlede nie, maar ook 'n verstandelike verklaring daarvan. Die verskillende stappe in die ontplooiing van die nasionale verlede is redelik bekend, maar die beskrywing en verklaring van die bewuswordingsproses het nog altyd agterweë gebly.

Die skrywer is nie 'n onbekende nie. Van sy pen het verskyn: „Die Eenheidstrewe van die Republikeinse Afrikaners" sowel as monografieë en 'n hele reeks artikels, meestal oor aspekte van die teoretiese geskiedenis aan die hand van voorbeelde uit die Suidafrikaanse geskiedskrywing. Hy het lankal besef dat die laaste woord oor ons 19de eeuse geskiedenis nog lank nie geskryf is nie en dat daar veral behoefte bestaan aan verklarende analities werke. Daarsonder kan die geskiedskrywing maklik tot kroniek ontaard. Die boek onder bespreking is 'n verdere, geslaagde poging om 'n positiewe bydrae tot hierdie aspek van ons geskiedenis te bring.

Dit bestaan uit drie dele. In die inleidende deel word 'n oorsig gegee van die middelpuntvliedende magte wat die Afrikaners voor 1868 uiteengedryf het. Daarna word die ontwikkeling van 'n Afrikaanse nasionale bewussyn geskets gedurende die periode wat begin met die Britse fnuiking van die Vrystaatse planne met betrekking tot Basutoland in 1868 en eindig met die anneksasie van Transvaal in 1877. Die twee datums is betekenisvol want die skrywer neem juis die stelling in dat die Britse beleid teenoor die Boere-republiek die bewuswording van nasionale eenheid van die Afrikanerdom in die hand gewerk het. Trouens, hierdie faktor, hoewel negatief, was verreweg die vernaamste.

In die derde deel word behandel die geestelike eenwording van die polítiek-verdeelde Afrikanerdom gedurende die jare van Transvaal se stryd om onafhanklikheid vanaf 1877 tot 1881 totdat selfs die Kaapkolonie daarby betrokke geraak het. Aan die einde word die proses as geheel en die eien-

skappe van die destydse Afrikaanse nasionalisme ontleed.

Ons het hier te doen met 'n belangrike voorstudie tot die geskiedenis van die nasionalisme in Suid-Afrika en dr. Van Jaarsveld sal vir lange tyd ons vernaamste bron in hierdie verband bly. Die werk is goed geskryf, gemotiveer en gedokumenteer. Dit dra die stempel van wetenskaplikheid al het die skrywer nagelaat om vooraf 'n verklaring te gee van die terme wat hy gebruik. Wat presies moet verstaan word onder „volksgevoel", „nasionale bewussyn" ens.? Wanneer het ons te doen met „volk" en wanneer met „nasie"? Myns insiens wou die skrywer 'n uiteensetting gee van die proses wat 'n volk as taal- en bloedsgemeenskap gelei het tot die besef dat hy ook 'n staatsvolk behoort te wees.

Waar ek hierdie werk baie sterk aanbeveel by lesers van „Koers", moet ek tog my persoonlike teleurstelling uitspreek oor die klein letter waarin dit gedeeltelik geset is asook oor die wyse waarop die voetnote aan die einde saamgegooi is. Selfs die besparingsmotief is geen vergoeding vir die onaangename verpligting wat die ernstige leser opgelê word om elke keer met moeite die bronneverwysings op te spoor. Dit geld temeer as in aanmerking geneem word dat die werk uitgegee is met die geldelike bystand van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing. 'n Waardevolle werk soos hierdie verdien iets beters.

D. W. KRÜGER.

**Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal No. 6: Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (volledig met alle bylae daarby), deel VI (1866-1867).** Afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak deur J. H. Breytenbach, M.A., D.Phil. (Argivaris vir Publikasies).

Met die verskyning van hierdie nuwe toevoeging tot die reeks **Suid-Afrikaanse Argiefstukke** is die Volksraadsnotule van die Z.A.R. nou vanaf 1845 tot 1867 volledig gepubliseer, tesame met alle ander argiefstukke wat daarop betrekking het. Vir die navorser is sodanige publikasies natuurlik van die allergrootste belang omdat, soos ek dit ook elders gesê het, dit die argief tot in die navorser se studeerkamer bring.

Die publikasie van hierdie dokumente het ook nog die belangrike voordeel dat dit die oorspronklike dokumente van vernieling deur gedurige hantering red. Dit is nou maar eenmaal waar, almal wat hierdie dokumente hanteer het nog nie die nodige respek daarvoor nie. Maar selfs deur versigtige hantering verniel die dokumente nog. Daarby sorg publikasie van dokumente vir, wat mens kan noem, 'n desentralisasie van die argief. Dit is vanself 'n uiters belangrike saak, veral in hierdie atoomeeu van ons, waar een enkele atoombom 'n land en volk se hele argief in 'n oomblik in puin kan lê. Met publikasie en gevolglike verspreiding kan sodanige stukke in hul gepubliseerde vorm in elk geval behoue bly.

Om hierdie redes het mens groot waardering vir wat alreeds deur die Departement van Onderwys, Wetenskap en Kuns in hierdie verband gedoen is, maar sal mens terselfdertyd graag 'n aansienlike uitbreiding van die publikasie-afdeling van die Afgief wil sien om die publikasie van dokumente te bespoedig.

Die Argivaris vir Publikasies, dr. J. H. Breytenbach, verdien ook 'n woord van hartlike dank vir die versorging van hierdie besondere publikasie, wat

net soos die ander in die reeks getuig van sorgvuldigheid, noukeurigheid en groot ywer.

J. S. DU PLESSIS.

**Afgief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Negentiende jaargang, deel I.** Die Staatsdrukker, 1956.

Met elke nuwe publikasie word hierdie reeks steeds meer waardevol. In hierdie besondere deel verskyn daar drie belangrike bydraes: Richard H. Wiilde, Ph.D.: **Joseph Chamberlain and the South African Republic (1895-1899)**; G. D. J. Duvenage, M.A.: **Willem Hendrik Jacobsz se rol in die onafhanklikheid- ...en eenheidstrewe van die Voortrekkers op die Hoëveld (1847-1852)**; Arthur M. Davey, M.A.: **The Siege of Pretoria (1880-1881).**

Dr. Wilde, assistent-professor in Geskiedenis aan die Long Beach State College, gee hier 'n belangrike studie oor die vier krisisjare in die Zuid-Afrikaansche Republiek en veral oor die rol wat Chamberlain daarin gespeel het. Eintlik bring hy nie veel nuwe gegewens na vore nie maar tog is sy studie van belang omdat hy 'n noukeurige studie van oorsese bronnemateriaal gemaak het, iets wat gewoonlik by 'n Suid-Afrikaanse publikasie ontbreek. In hierdie opsig is sy werk dan 'n baie waardevolle aanvulling by reeds bestaande Suid-Afrikaanse publikasies. Die werk is tegnies baie goed versorg, goed gedokumenteerd en in 'n aangename en vlot styl geskrywe. Enilge geskiedkundige wat genoemde tydperk in die Z.A.R. bestudeer sal van hierdie werk moet kennis neem.

Duvenage se werk is deur die Universiteit van Suid-Afrika aanvaar vir die toekenning van 'n M.A.-graad. Daar is al soveel oor die tydperk van die Voortrek geskrywe dat dit vir die oningewyde voorkom of daar nie meer plek is vir nog studies oor hierdie periode in ons volkswording nie. Tog bewys die werk van Duvenage dat daar nog sulke studies onderneem kan word, en met baie groot vrug ook. Die skrywer betree hier heeltemal bekende terrein, kom tot geen nuwe insigte nie, maar aangesien hy die geskiedenis hier vanuit 'n biografiese hoek benader met die bekende W. H. Jacobsz as middelpunt, is dit tog in die opsig 'n nuwe studie, waardeur ons kennis van die Voortrek verryk word. Sy werk is goed versorg, lees aangenaam en staan op hoë wetenskaplike peil.

Davey se werk is waarlik 'n frisse studie oor die beleg van Pretoria gedurende die Eerste Vryheidsoorlog. Die skrywer het 'n baie deeglik bronnestudie gemaak en 'n noukeurige, aangenaam leesbare uiteensetting van hierdie tydperk en hierdie gebeurtenis gegee. Hierdie werk, wat tegnies baie goed versorg is, is eweneens aan die Universiteit van Suid-Afrika ingedien ter verkryging van die M.A.-graad. Dit lewer beslis 'n belangrike bydrae tot ons kennis van die Eerste Vryheidsoorlog.

Oor die algemeen kan die Publikasie-afdeling van die Argief trots voel op hierdie werk, wat baie sterk by alle belangstellendes in die Geskiedenis aanbeveel kan word.

J. S. DU PLESSIS.

B. F. Nel, P. M. Robbertse en F. J. J. Herbst: **Heelkundige Leesonderwys.**

Gepubliseer onder Opvoedkundige Studies, Universiteit van Pretoria, 1956. 48 bl.

In hierdie boekie gee die skrywers

agtereenvolgens die tegnieke van heelkundige leesonderwys, die oorsake van leesmoeilikhede en die diagnose van leesmoeilikhede. Al drie die skrywers is deskundiges wat nie slegs 'n deeglike studie van die nuutste metodes en bevindinge op hierdie gebied gemaak het nie, maar wat ook tegniese ervaring van die hantering van hier_ die probleem onder gekontroleerde omstandighede opgedoen het. In 'n heel beperkte omvang ontvang die huidige leser dan duidelike leiding vir die aanpak van leesmoeilikhede op skool. Dit prikkel tot verdere studie wat kan lei tot belangrike navorsing op die gebied van lees.

H. J. J. BINGLE.

P.U. vir C.H.O.